

# **BISDOM VAN VALS BAAI**



## **RENTMEESTERSKAP PROGRAM**

**2023**

## **Biskop Margaret Vertue**

### **Seisoen van Rentmeesterskap 2023**

#### **Goeie dag familie en vriende van Valsbaai Bisdom**

Ons gebede is dat die afdelings wat in die handleiding voorkom, ryke bronne van bruikbare materiaal gedurende die Rentmeesterskap seisoen sal wees.

In Psalm 24:1 lees ons "Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan." Die Psalmkrywer leer ons dat God in alles gevind kan word. Die Psalmkrywer sê verder .... **"die wêreld en die wat daarin woon"**.

Gedurende die seisoen van Rentmeester-skap word ons daaraan herinner dat God die voorsiener van grond is. Die voorreg om dit te bewerk, word aan ons, die dienaars van God opgelê. As dienaars van God, is ons ook medewerkers tot die bewaring van die skepping, gawes en talente om aan God eer en lof te bring.

Ons kom nou drie jaar lank deur die donkerheid van die Covid19 pandemie. Baie het hul lewens verloor en ander hul besittings. Terwyl ons nog steeds daaroor treur, is daar alweer 'n nuwe krisis. Die krisis wat Eskom se kragonderbrekings bring, lei tot talle ander negatiewe dinge soos prysverhogings, en die vernietiging van ons land se ekonomie en dus ook dié van ons geliefde Bisdom. Daarom is dit belangrik dat ons ons moet wend tot Christus wat ons weg wys van onself na Sy "Ek is" stellings. Hy open en gee aan ons die Ou Testament boekrol en nooi ons uit om die deel van Jesaja 61:11-12 te lees.

Tydens die rentmeesterskap seisoen roep Jesus ons na Hom. Dit is meer as 'n uitnodiging; dit is eintlik 'n bevel, **"Kom na My toe"** en **"Volg My."**

Die Rentmeesterskap seisoen is 'n tyd van vernuwing en 'n tyd van toegewyde gee en deel.

My gebed en dié van hulle wat die handleiding help skryf het, is dat God dit op 'n effektiewe manier sal gebruik in die lewe en bediening van baie.

**"Ek bestaan, omdat julle bestaan, omdat God bestaan... omhels 'n wêreld wat geskud is deur die Covid19 pandemie."**

Gebede en Seëninge

**Margaret B.Vertue**

# Voorwoord

## **RENTMEESTERSKAP**

Gedurende die volgende paar weke sal ons graag wil besin oor wat rentmeesterskap is en die belangrikheid daarvan vir die Kerk. Ons is ons dank verskuldig aan ons kollegas wat hierdie dokument help saamstel het.

Die woord Rentmeesterskap is afgelei van die Griekse woorde "oikos", wat huishouding beteken en "nemo" wat beteken "om te bestuur". Die kombinasie van "oikonomos" of "rentmeesters" soos deurgaans in die geskifte gebruik, bepaal hoe alle bronne in 'n huishouding gebruik moet word tot die bevrediging van almal. Die wyse waarop die meeste kerke deesdae na rentmeesterskap verwys, is 'n kombinasie van die definisies soos hierbo gegee. Ook die regering en ander Finansiële bestuurders gebruik die definisie van die woord Rentmeesterskap op dieselfde wyse. (Romeine 16:23) Dit verwys na administrateurs wat verantwoordelik is vir die bestuur van hul werkgewers se sake. (Lukas 16:1). Rentmeesters verwys ook na die taak van Christene om die boodskap van God te versprei. (1 Korinthiërs 4:1).

Rentmeesterskap is 'n kombinasie van hierdie definisies. As jy weet wat rentmeesterskap is, sal jy ook verstaan wat dit is wat God wil hê jy moet doen met die talente wat jy ontvang het. Dus, om te verstaan wat rentmeesterskap is, moet ons met God begin met die erkenning dat rentmeesterskap eintlik die wese van God en die mens is.

Aan die begin het God die Hemel en aarde geskape. (Gen 1:1). Gevolglik is ons mede-werkers met God wat verantwoordelik is en omsien na alle bronne van die aarde wat God vrylik met ons deel.

In Johannes 1:3 verwys die skrywer na "Alles het deur Hom ontstaan en sonder Hom het nie een ding wat bestaan, ontstaan nie". Beide Genesis 1:1 en Johannes 1:3 lei ons tot die besef dat rentmeesterskap 'n goddelike oortuiging is dat die mens verantwoordelik is vir die wêreld; dit moet bewaar en na moet omsien.

## **WAAROM KERK RENTMEESTERSKAP**

In die NT vind ons 'n voorbeeld van die Kerk in Masedonië wat toon wat gemeentelike uitreik is. (2 Kor 8:1) Alhoewel die kerk arm was in materiële dinge, het hulle 'n oorfloed in vrygewigheid en vryheid gehad. Die les in hierdie teks is dat as kerk het hulle hul aan die Here oorgegee met die erkenning dat alle gawes van God kom. Vir hulle was rentmeesterskap uit en uit totale oorgawe en toewyding aan God. Hulle opoffering was 'n getroue weerspieëling van hul verhouding met God. Die Masedoniërs het verhoop verwagting gegee omdat hulle hulself eers aan God oorgegee het.

## **RENTMEESTERSKAP VAN GAWES**

Die gebruik van gawes is nog 'n kenmerk van rentmeesterskap. Ons is nie net rentmeesters wat moet gee nie, maar ons moet ook ons talente binne die parogie beskikbaar stel tot die baie bedieninge (ministrië) wat daar is. Hierdie bedieninge kan wees persoonlik, onderrig, administratief, sosiaal, uitreik, musiek en talle ander kategorieë. Rentmeesterskap is deel van geloof, in die vertroue dat God jou sal roep en toerus vir 'n bediening. "Dit is mos God wat julle gewillig maak om te doen waarvan Hy hou, en Hy gee julle ook die vermoë om dit te kan doen." Fil 2:13

Ten slotte, Rentmeesterskap is 'n omvattende onderwerp. Tot 'n sekere mate is elke individu 'n rentmeester omdat ons niks van ons self besit nie. Tog wil God hê dat ons 'n bewuste en gewillige rentmeester moet wees - gereed om alles uit Sy hand te ontvang met dankbaarheid, bewus van ons totale afhanklikheid van Hom sodat ons alles in blydskap aan Hom kan terugbesorg met lofsange en dankbaarheid. Mag ons wees soos Paulus, die groot rentmeester van God se genade wat sê in Fillipense 3:14 "Ek jaag wenpaal toe, na die hemelse prys wat God aan my wil gee omdat Christus Jesus dit vir my verdien het." Mag hierdie tyd van diepe refleksie oor rentmeesterskap tydens VASTYD ook vir ons 'n seisoen wees om ons denke en harte te vernuwe.

**Reverend Canon Dr Desmond Lambrechts**

## WEEK 1

### Die aarde en sy bronne (Bewerk, Bewaar en Bewoon die aarde)

29 Januarie 2023

#### **Voorgebed**

Skepper God

Skenk ons die wysheid hoe om die aarde te kan bewaar.

Help ons om gedrag aan te leer wat die omgewing tot voordeel sal wees, sodat toekomstige geslagte die voorreg sal hê om die aarde en al haar skeppinge kan geniet.

Help ons om U voorbeeld te volg om om te gee vir die aarde waarvoor ons so lief is.

Amen.

#### **Skriflesings**

Miga 6:1-8

Ps 15

1Korinthiers 1:18-31

Matteus 5:1-12

Miga som ons roeping tot aksie op wanneer hy vir ons sê ons moet geregtigheid nastreef, liefdevol omgee, en om nederig met God te wandel. God roep ons tot aksie, om ons deel te doen, stukkie vir stukkie, dag vir dag. Ook moet ons vir ons self afvra wat doen ons vir die omgewing en hoe tree ons regverdig op teenoor Moeder aarde. Toon ons werklike liefdevolle omgee teenoor haar of sê ons dit is iemand anders se verantwoordelikheid.

God het egter aan die mens n duidelike verantwoordelikheid gegee as die aarde se bewaker. In Gen 2:15 lees ons: "Die Here God het die mens in die Tuin van Eden aangestel om dit te bewerk en te versorg." Dit herbevestig dat God alles geskape het en dat alles aan God behoort, en as sy rentmeesters, is ons aan Hom verantwoording te doen. Ons rentmeesterskap van die skepping moet nie 'n vernietigende verhouding wees nie. Ons verantwoordelikheid is om die aarde te onderhou, beskerm en Sy werke uit te brei sodat die hele skepping die doel waarvoor God dit geskape het, kan vervul. Ons moet die omgewing bestuur nie vir ons eie voordeel nie, maar tot eer van God!

Indien ons voortgaan met ons selfsugtige metodes om net tot voordeel van die mens na die omgewing omsien, en nie om die omgewing te verbeter, sal die mensdom die gevolge dra. As die omgewing vernietig word, is dit ook die vernietiging van die mens.

Die bewaring van die nie-menslike deel van God se skepping en die omsien na die intrinsieke interaksies van die mens en natuur, is n kern fundamentele aspek van die Christendom. Daar is talle dinge wat die mens in ons daaglikse lewe kan doen om God se skepping te help beskerm soos om energie te bewaar, vermorsing te verminder en om dinge her te gebruik. Ons moet ons geloof in aksie sit sodat ander kan sien dat ons diens tot die skepping ontstaan uit ons liefde vir God ons Skepper.

Die Kerk streef daarna om energie doelmatig te bewaar en te bestuur. Daarom het die Kerk die "Valsbaai gaan groen" komitee gestig om toe te sien dat al groen inisiatiewe geïmplimenteer sal word. Reeds is daar met noemenswaardige projekte begin. Ons het groente tuine begin en ook is bome aangeplant om in te skakel by die wêreld wye woud projek. Die baie skoonmaak projekte help om die omgewing te verfraai. Ook is ons op die voorgrond om die gebruik van enkel doelmatige plastieksakke te verminder en ook die verminderde gebruik van mikro-plastieke. Bewusmakings veldtogte vind voortdurend op verskeie wyses in ons kerke plaas. Die feit dat tonne enkel-doelmatige plastieksakke elke dag weggegooi word, móét die aankoop van plastiekitems vermy word so veel as moontlik. Hierdie plastiek beland in beide ons binnelandse waterbronne en ons oseane. Dit veroorsaak onberekenbare skade aan die mariene omgewing wat die dood van verskeie mariene lewe gelei het; hetsy deur versmoring of die inneem van mikro-plastiek in die water. Van elke bewaarder van God se skepping word vervolgens van verwag om NEE te sê vir enkel-doelmatige plastiek. Ons moet besef dat alles wat ons as vanselfsprekend aanvaar, is eintlik God se gawes vir ons behoeftes. Dit is nie daar om deur ons misbruik en vermors te word nie. Ons moet dinge in perspektief stel, om so die betekenis en doel van elke ding wat God geskep het, te verstaan. Só sal ons vreugde uit Sy skepping kan put. Dit is ons morele plig om, ongeag wie ons is, keuses te maak wat sal bydra tot 'n beter wêreld, nie net vir ons nou nie, maar ook vir die toekomstige geslagte. Elke mens is verantwoordelik vir die omgewing. Dit is ons almal se woning waar almal as God se skepsels 'n gesonde en vervulde lewe kan lei. Ons Aanbidding van God sal meer vervuld wees as ons meewerk om Sy skepping te herstel en behoorlik te onderhou. Deur meer omgewingsbewus te word, sal ons meer bewus wees van die Heerlikheid van God se skepping. Word n omgewingsambassadeur deur in kontak te kom met die "Valsbaai gaan groen" span.

Rentmeesterskap beteken om om te gee vir iets en om om te gee vir die omgewing.

#### **Daarom vra ek:**

1. Wat het jy as individu gedoen om God se aarde te bewaar?
2. Het die parogie rentmeesterskap in hul liturgie ingesluit?
3. Watter maatreëls het die bisdom in plek wat sal verseker dat die plaaslike, provin-siale en nasionale owerhede verantwoorde-lik gehou word om die omgewing te bewaar?

## WEEK 2

### Geld en Persoonlike gawes

5 Februarie 2023

#### **Voorgebed**

Almagtige God, skepper en gewer van lewe, alle dinge in Hemel en aarde behoort aan U. Leer ons om te aanvaar en dankbaar te wees met wat ons het en om die gawe wat U aan ons gegee het wyslik te gebruik. Help ons om te erken dat U die Bron van alle dinge is sodat U naam daarin rlik kan word, deur Jesus Christus onse Heer wie leef en regeer met U, in die eenheid van die Heilige Gees, een God nou en verewig. Amen.

#### **Skriflesings**

Klaagliedere 5:10-19

Psalm 24

1 Timoteus 6:3-10

Evangelie Lukas 16:1-14

Die uitdrukking "Wat is in jou beursie?" is baie algemeen. Mans sal gewoonlik hul geld in hul broeksak bêre terwyl vroue dit in hul beursies sit. So plaas ons ons geld en beleggings in banke wat goeie maatreëls is om ons bronne te beveilig. Het ons al gewonder aan wie die bates behoort, hoe ons die geld bekom het? Hoe sal dit voel as jy al jou geld verloor? Ons kan so maklik dink dat die geld aan ons behoort en dat ons hard daarvoor geswoeg het, tog is alles wat ons besit, 'n gawe van God en ons is maar net rentmeesters daarvan.

Wat sê die Bybel van Rentmeesterskap van Geld en Persoonlike besittings Daar is n goeie rede waarom die Anglikane tydens die seën van die kollekte, sê: "Here aan U kom toe die grootheid en die mag, die heerlikheid, die krag en die majesteit.

Alles in die Hemel en op die aarde behoort aan U. Alles kom van U en van u eie gee ons aan U." (AGB 116)

Ons bid hierdie gebed in erkenning vir die feit dat alles wat ons het, kom van God en ons gee aan God wat aan Hom behoort. Moet nooit aan jouself sê: Ek het die rykdom bekom op my eie krag en energie. Onthou altyd dat dit die Here jou God is wat jou krag gee om ryk te word." Deuteronomium 8:18a

Ons eerste les in Klaagliedere waarsku ons om nie verlief te wees op geld nie, want ons sal nooit tevrede gestel word nie. Niks sal ooit genoeg wees as ons geld verafgod nie. Indien dit so is, sal dit verder lei tot hebsug en korrupsie. Ons moet tevrede wees met wat God aan ons toe vertrou selfs al moet ons hard daarvoor werk.

In Paulus se brief aan die Korinthiërs verwys hy ook na die liefde vir geld of vir God. Hy beskryf die valse leraars as selfsugtig, apaties soos hulle gedryf is deur hul liefde vir geld. Hy wys uit dat die leraars se uitsluitlike doel is om finansiële voordele te put uit hul prediking, tog is die Evangelie nie bedoel om 'n bron van finansiële wins te wees nie. As Christus die middelpunt van ons lewe is, sal ons berus in wat ons het en nie oorgee aan versugtinge om meer te wil hê nie. Paulus waarsku ons om nie geld eerste in ons lewe te plaas nie omdat dit ons kan vasvang in vele slegte en seermaak begeertes wat kan lei tot selfvernietiging. Die liefde vir geld is die wortel van alle kwaad wat ons kan weglei van ons geloof.

#### **Die Evangelie les spoor ons aan om ware rentmeesters te wees van al God se gawes**

wat aan ons toevertrou is. Ons word versoek om getrou te wees aan selfs die geringste sake.

Vrae vir bespreking

1. Doen die kerk genoeg om die gemeente in te lig wat die belangrikheid is om n Christelike leefstyl te hê m.b.t. geld.
2. Hoe kan ons gemeente hulle toewy tot die rentmeesterskap van geld en om uit te reik na hulle wat behoef is.
3. As n Bisdom wat finansiël deur die gemeentes ondersteun word, gee ons met vreugde, opofferend sodat die finansiële posisie van die Bisdom verbeter kan word.

## WEEK 3

### Persoonlike talente en gawes. (Wat ons aan die wêreld bied)

12 Februarie 2023

#### **Voorgebed van die dag**

Heilige en Regverdige God,  
U het voor ons geplaas lewe en dood:  
Skenk ons genade in die aangesig van baie versoekinge  
Om die wil van Christus te soek  
En om die ewige lewe te kies.  
Deur Jesus Christus onse Heer,  
Wie leef en regeer met U en die Heilige Gees,  
Een God, nou en vir ewig  
AMEN

#### **Skriflesings**

Deuteronomium 30:15-20  
Psalm 119:1-8  
1 Korinthiërs 3:1-9  
Matteus 5:21-37

#### **INLEIDING**

Dit is die derde Sondag van die maand en ons gaan voort met ons fokus op rentmeesterskap. God het aan ons toevertrou die verantwoordelikheid om ons gawes en talente wat Hy gegee het, reg te gebruik. Wanneer ons verwys na rentmeesterskap en ons gawes en talente, plaas dit ons in diens van God en Sy Kerk. Die wyse hoe ek my talente gebruik, toon dat ek waarlik in diens van God is en dat ek bou aan my eie klein koninkryk hier op aarde. Christelike diens deur my talente en gawes wys hoe lief ek vir Christus en die kerk is.

#### **DIE KEUSE**

Die OT les bied aan die mense van Israel 'n keuse tussen lewe en dood; òf hulle getrou aan God gaan bly òf om die dood verkies en God Sy heerskappy en seëninge van hulle gaan onttrek. Dat daar geen grys areas of besluiteloosheid vir die mense is, is so helder soos daglig. Òf jy is ten volle toegewyd; òf jy sterf, maar as kinders van God maak ons nie altyd die beslissende keuse nie, want ons wil van albei voordele hê. Ons word tot in ons diepste wese uitgedaag tot hoe 'n mate ons God se gawes gaan gebruik om Hom te aanbid en te verheerlik. God het aan ons die gawes en talente gegee en as ons dit nie gaan gebruik nie, loop ons die kans om 'n Godgegewe talent te verloor. In die Evangelie van Matteus 25:24-30 word ons daaraan herinner wat die gevolge is as ons bang is om God se gegewe talente te gebruik.

#### **DIE GAWES**

1 Korinthiërs 12 herinner ons daaraan dat daar verskillende gawes is wat God aan ons Sy kinders, toevertrou, maar deur die Een Gees. My vraag vanoggend aan elkeen van ons: "My broers en susters, weet elkeen van ons wat ons Godgegewe talent is?" My liewe broers en susters laat ons tot Christus bid dat God aan ons dit sal openbaar wat ons talente is. Praat met U priester of baie goeie vriend oor jou talente en gawes as hy daarvoor onseker is. Onthou, wat ookal jou talent en gawe is, dit is nie om daarvoor te spog nie, maar om God te loof en prys soos jy jou talente en gawes tot diens van God en Sy Kerk gebruik.

#### **KIES REG**

Weer eens, die OT les herinner ons daaraan om 'n keuse te maak om in 'n toegewyde verhouding met God te leef. Vanoggend word ons weer uitgedaag om die regte keuse te maak in die gebruik van ons God gegewe talente om as toegewyde Christene saam met ander die koninkryk van God op aarde uit te bou. Mag ons die regte keuses maak om ons God gegewe talente en gawes tegbte gebruik om ander te wys hoe lief ons vir Christus is deur ons diens in die kerk.

#### **VRAE VIR BESPREKING**

1. Weet jy as individu wat jou Godgegewe talente en gawes is soos Paulus dit in 1 Korinthiërs 12 beskryf?
2. Hoe gebruik jy jou Godgegewe talente en gawes om eenheid in jou plaaslike gemeente te bou en die breër gemeenskap soos vereis in Efesiërs 4:4-6?
3. Gegee Matteus 25:24-30 se waarskuwing, hoe gebruik jy jou Godgegewe talente en gawes om God se koninkryk in die Bisdom van Valsbaai uit te brei as getuie in jou parogie?

## WEEK 4

### Betrokkenheid in die plaaslike Parogie. (Verdieping van persoonlike en opofferende lewe)

19 Februarie 2023

#### Voorgebed van die dag

Heilige God,

Op die Berg van Verheerliking

het U U Seun as die Christus geopenbaar:

Verander ons lewens na Sy beeld,

Skryf U liefdes gebod op ons harte,

En maak ons profete van U skitterende oorvloed; wie leef en regeermet U en die Heilige Gees,

Een God, in ewige Heerlikheid

Amen.

#### Skriflesings

Eksodus 24:12-18

Psalm 2

2 Petrus 1:16-21

Matteus 17:1-9

Die verheerliking van Jesus gee aan ons 'n kykie van wie Jesus werklik is. Die sigbare teken net voor Sy verheerliking, Sy glinsterende gesig en klere; Witter as die lig - was tot die voordeel van Petrus, Jakobus en Johannes. Die verheerliking van Jesus en die verskyning van Elia en Moses, het die dissipels in vrees laat neerval. Jesus, eie aan sy deernisvolle geaardheid, het hulle aangeraak en kalmeer. Hierdie verheerliking herinner ons daaraan dat Jesus die vervulling van die Wet (Moses), en die profete (Elia), is.

Met Elia en Moses se verskyning op die berg saam met Jesus, word ook getuienis òor Jesus gedoen; die Seun van die mens, die een vir wie God liefhet en die een wie gehoorsaam is. Jesus het die dissipels aangespreek omdat hulle nie op Hom gefokus het nie, maar wou eerder afsonderlike tabernakels bou.

Ons moet gefokus bly om aan Jesus gehoorsaam te wees en om Hom te verheerlik, want dit is wat God van ons verwag. Ons is na die beeld en wese van Jesus geskape (Genesis 1:26-28), Wie ander gedien en ingesluit het met die was van hul voete, verkondiging van die Evangelie, siekes genees het, en Sy bediening gedeel het. Sy lewe en bediening het mense verander. Ons liefde vir God is die grondslag vir ons verandering. Dit begin binne onself met besnydenis van ons hart. Ons verandering sal aan die uiterlike sigbaar word op dieselfde wyse as die glansende beeld van Jesus soos Petrus, Jakobus en Johannes dit gesien het. Uiterlike tekens van verandering is die gevolg van sigbare werke of opofferinge omdat geloof sonder werke is dood. (Jakobus 2:26)

Ons geloof wat voortspruit uit werke kry sy begin eintlik al reeds met ons bevestiging. Hierdeur word ons toegerus en verander vir aanbidding, diens, en getuienis deur die bemagtiging van die Heilige Gees. Ons toenemende betrokkenheid in die lewe van die parogie is sigbaar in die onderskeie kerk aktiwiteite en programme waarin dien. Verder versterk ons deelname in die Heilige Eucharistie ons persoonlike en sakramentele lewe. Die Eucharistie herinner ons aan die opofferende aard van Jesus Christus en help ons in ons verandering om 'n glansende lig in ons parogie en gemeenskap.

Ons herinner ons daaraan van die voordele van gebed, vas en uitreik soos ons nader aan Vastyd beweeg. Ons volg die voorbeeld van Christus, ons ware Offer, die

Een wie Sy lewe vir ons gegee het. As ons ons lewe aan gebed en diens WY, verdiep dit ons vergoeding met God.

Ons onderhou ons gawes en talente deur toewyding, liefde, en betrokkenheid in leke bediening, gebedsgroepe, uitreik programme, kerkrade, en verskeie ander kerk programme.

Ons gebede is eintlik 'n seëning vir die plaaslike Parogie en gemeenskap deur ons toenemende betrokkenheid in die plaaslike kerk.

#### VRAE VIR BESPREKING

Ons missie as 'n Bisdom is om die rykheid en diversiteit as Anglikane te bevorder.

1. Hoe ondersteun en herskep ons die kerk op Bisdomlike vlak dat dit die stralende lig van ons Verheerlikte Christus weerspieël?

2. Reflekteer die huidige Aanbidding en Liturgie die konteks van die parogie om die gawes en talente te versterk en om die

mense tot Christelike diens op te roep?

3. God seën almal met pragtige gawes en talente. Gebruik ons hierdie Godgegewe talente om uit te reik na ons jeug en ander wat behoeftig is?

## **Bibliography**

*Africa Study Bible 2011*. New living translation Oasis International Publishing LTD

Anglican Church of Southern Africa. 2022. *Lectionary. Advent 2022-December 2023. Year A*. Cape Town: CTP Printers.

*An Anglican Prayer Book*. 1989. Anglican Church of Southern Africa Harper Collins Publishers, Marshalltown

Baker, Kenneth L. & Kohlenberger 111, John R. 2004. *Expositors Bible Commentary. Abridged Edition. New Testament*. Michigan: Zondervan

*Clay, K. Robin.1986. Counting the Cost. Wm. B. Eerdmans Publishing Co. Grand Rapids, Michigan.*

*De koster, B. 1980. The Deacons Handbook. Christian Library Press, Grand Rapids, Michigan.*

Diocese of False Bay. 2022. Our Mission as a Diocese. *The False Bay Anchor* 15(4)

*Holy Bible: Revised Standard Version (RSV)*, Collins Clear – Type Press London, 1946 -1952.

Peake's commentary on the Bible, 1987 edition;

*Martin, A. 1991. Bibilcal Stewardship.Loizaeaux Brothers, Neptune, New Jersey*

Provincial Stewardship and giving Committee, Resource Booklet, 1992 printed Published by the Anglican Church of Southern Africa.

# *STEWARDSHIP 2023*

## **Acknowledgements**

We acknowledge with sincere thanks and appreciation to all who made this project happen.

Bishop Margaret Vertue: For the leadership and vision for this Stewardship Series.

Dean Ronald Philips: For the printing of the Posters

## **Contributors**

Mrs Nontsikelelo Fani

Rev Rachell Hoogbaard

Rev Deon McDillon

Rev Stafford Moses

## **Translators**

Ven Ludi Joko; Rev Philip Mbalula; Rev Khulile Mafenuka, Mrs Nontsikelelo Fani.

Rev Tony Koopman

Mr Heinrich Jantjies who assisted with the secretarial tasks

Canon Desmond who wrote the Collect, introduction and assisted with the overall co-ordination and editing.